

**Maandag 13 Maart**

**Skrifgedeelte: 2 Korintiërs 4:16 – 5:10**

**Fokusgedeelte: 2 Korintiërs 5:5**

**Die Heilige Gees as onderpand (*arrabon*) – waarborg teenoor die dreig van die dood**

In 'n tent in 'n vlugtelingkamp, of in 'n gerieflike huis in 'n woonbuurt? Die teenstelling tussen tent en huis (vaste gebou) word in ons Skrifgedeelte gebruik om iets van die verskil tussen die lewe hier en die lewe hierna vir gelowiges duidelik te maak.

Ons sterflike liggame word as 'n tent voorgestel wat mettertyd afgebreek word. Wanneer jy, soos wat jy ouer word, die agteruitgang in jou liggaam bespeur, of wanneer jy 'n gelowige dierbare op sy sterfbed sien lyk, moet jy nie wanhoop nie. Die liggaamlike agteruitgang en die lyding op die sterfbed is in werklikheid die tentpenne wat een vir een uitgetrek word om die tent-woning af te breek. Dit word afgebreek nie sodat jy as kind van God vernietig word nie, maar omdat God vir jou 'n huis (vaste gebou) in die hemel gemaak het wat ewig sal bly staan.

In die lewe hier met sy teleurstellings, swaarkry en beproewings is God besig om sy kinders voor te berei vir ons oorgang van die tydelike tentwoning na ons vaste gebou in die hemel. Ons aardse liggame gaan in verheerlikte liggame verander word. In Christus het God vir ons 'n ewige heerlikheid voorberei. Sy Gees wat in ons is, is ons waarborg of onderpand. Hy is die ge-borgde belofte, die eerste deel wat ons reeds ontvang het as waarborg dat ons die volle erfenis nog sal ontvang.

Put dan troos uit hierdie heerlike sekerheid en waarborg wat God gee en waarmee jy as sy kind mag lewe en sterwe.

*Sing: Psalm 73:10-12 (1936)*

*Ds. ASA (Stefaans) de Bruyn (Wilropark)*